

Gepubliseer op:

Deur Christus Alleen

Tuisblad van dr. A.H. Bogaards

www.enigstetroos.org



Sondag 34a

Eerste Gebod A

Dr AH Bogaards

Lees: Ex.19:1-20:2

Teks: Ex.20:1,2

H.K.: Sondag 34a

Psalms: 19:4; Sk.26:1,2; Ps.81:11

1. Inleiding.

Ons kom vandag by 'n baie bekende gedeelte in die Heilige Skrif: die Wet of Tien Gebooie.

Baie mense hou nie hiervan nie. Hulle voel: gee ons liever die evangelie. Troos ons met God se genade. Maar moet nie na ons toe kom met die Wet met al sy moet's en moenie's nie. Ja, so sien vele vandag die Wet van die HERE...MAAR daarteenoor wil ek u in hierdie preek toon, dat die sogenaamde Tien Gebooie pure evangelie, louter vreugdeboodskap is. Daarom sal ek eerder wil praat nie maar net van die Wet nie, maar van die evangelie van Gods Wet en die Blye Boodskap van ons dankbaarheidslewe.

Baie voel die Wet is 'n karwats: dit mag nie en dat mag nie. En: dit moet jy doen en dat moet jy doen. Veral jongmense dink, wanneer hulle dit alles hoor: 'n Christen mag ook niks doen nie en 'n jongmens mag ook nie die lewe geniet nie... MAAR mag God ons in hierdie preek help om in te sien dat Hy met sy Wet vir ons die goeie op die oog het: Hy wil ons nie daarmee van alle lewensvreugde beroof nie, maar ons juis die ware lewe skenk. En mag Hy my help om u te toon wat 'n vreugde dit is om sy wil te doen.

Die HERE stel Homself hier aan ons bekend:

1. as gedugte God;
2. as groot Bevryder; en
3. as Wetgewer.

Ons leer ons God eerstens ken:

2.1. as gedugte God.

Die Tien Gebooie is 'n tipiese verbondsdokument. Met opgrawings is baie sulke verbonde gekry.

So bestaan daar 'n verbondsgeskrif van 'n sekere Hetitiese koning met die naam van Mursilis. Dié verbond van hom begin, soos alle verbonde in daardie tyd, ook op 'n heel tipiese manier: die koning stel homself bekend aan die persoon met wie hy 'n verbond sluit. Dit doen hy op so 'n manier dat hy gesag en respek afdwing by die koning met wie hy die verbond sluit: dié kleinkoning moet weet wat 'n groot en gedugte koning met hom in 'n verbond ingaan. Luister maar hoe sê koning Mursilis dit: "So spreek die Sonkoning Mursilis, die groot koning, die koning van die land Hatti...".

En kyk nou na Ex.20:2: "Ek is die HERE jou God...". Sien u die ooreekoms: Ja, die HERE stel Hom ook bekend aan Israel, sy kerk, met wie Hy daar op Sinai 'n verbond gaan sluit. 'n Magtige vors maak Hom aan Israel bekend. En hierdie keer is die koning wat 'n verbond gaan sluit nie sommer 'n gewone koning of 'n aardse vorsie nie, maar God, die Almagtige: "Ek is die die HERE jou GOD(!)". Reeds hierdie beginwoorde moes by die Ou Testamentiese kerk eerbied en ontsag afgedwing het.

Voor hierdie inleiding, hierdie bekendstelling, het die HERE Hom daar by die berg Sinai alreeds aan hulle geopenbaar in sy gedugtheid en in sy ontsagwekkende majesteit. Want toe die HERE Hom daar geopenbaar het, het dit gepaardgegaan met donderslae en bliksemstrale " sodat die hele volk wat in die laer was, gebeef het" (19:16). En in Dt.4:10 staan: "en die berg het met vuur gebrand tot in die middel van die hemel, met duisternis, wolke en wolkedonkerheid. Wat 'n indruk moes hierdie bekendstelling nie om die volk daar onderaan die berg gemaak het nie. Dit vertel ook die Hebreërbrief ons: "En Moses, so vreeslik was die gesig, het gesê: Ek is verskrik en ek sidder" (12:21).

Dit is so dat die HERE vandag nie meer aan ons verskyn op 'n berg of dat ons as Nuwe Testamentiese gemeente 'n ontmoeting met Hom het by Sinai nie. Dit beteken egter nie dat die HERE glad nie na ons toe kom en Hom aan ons openbaar nie. Want wat is die erediens anders as 'n ontmoet van God met sy verbondsvolk. Hy is hier. Ook nou. En dit maak elke samekoms van die gemeente so 'n plegtige en heilige geleentheid.

En wanneer die dominee Sondaie die Wet afkondig, dan is die prediker maar net 'n instrument in die hand van die HERE. Dan is dit God self wat ons hier toespreek. Dan hoor ons sy stem. En as die Tien Gebooe weerklink, dan is dit die HERE self wat daarin tot ons kom.

Ook aan ons stel die HERE Hom dus elke Rusdag bekend: "Ek is die HERE jou GOD(!)". Ja, die HERE wat u vandag hier ontmoet, Hy is nie sommer so 'n klein koninkie nie. Hy wat met u 'n verbond gesluit het en sy verbond aan u afkondig Sondag na Sondag, telkens wanneer die Wet aan ons voorgehou word, weet u Wie en Wat Hy is? Weet ons dit nog goed genoeg? Hy is die gedugte God, beklee met majesteit en heerlikheid. Hoekom sal Moses en soveel heiliges in die Bybel voor Hom bewe en ons nie? Inderdaad, want die Hebreërbrief sê aan ons: "Want onse God is 'n verterende vuur" (12:29).

Ek het ernstige bedenkinge daaroor of ons nog enigsins of genoegsaam onder die indruk is van die gewytheid en gewigtigheid van elke erediens elke Sondag. Soms kry ek die gevoel dat ons dink: in die erediens ontmoet ek die predikant. En daar hoor ek hoe die dominee die Wet aflees. Maar dink ons nog daaraan: GOD! GOD, Hy is hier?! En dit is ten diepste Hy en nie 'n mensie wat weer vandag vir my gesê het: "Ek is die HERE jou God wat jou uit Egipteland uitgelei het".

En as ons dan wel daaraan dink, gryp dit ons nog aan en maak dit nog indruk op ons dat Hy die heilige en gedugte God is? Of het ons van Hom 'n maat gemaak, 'n vriendjie wat op dieselfde vlak as ons staan? Dikwels kry ek werklik die gevoel dat ons so oor God dink, veral as ek sien hoe maklik mense afsprake met Hom kansleer ter wille van kuiermense, 'n middagmaal of 'n lekker uitslapie. Ja, want elke diens - die eerste en die tweede en nie minder die leedsdiens nie - elke diens is 'n ontmoeting met God en as u daar wegbly, kom u 'n afspraak met God nie na nie. En daaruit blyk dan ook of u onder die indruk is van sy gedugtheid al dan nie.

Maar die HERE stel Hom nie alleen bekend as die gedugte God voor Wie se majesteit ons met die diepste vrees en respek en eerbied vervul moet wees nie. Hy dring ons nie alleen op hierdie manier tot gehoorsaamheid aan sy Wet nie.

Hy openbaar Hom ook tweedens:

2.2. as die groot Bevryder.

Met die opstel van 'n verbond in daardie tyd was dit vaste gebruik dat die grootkoning, nadat hy homself bekendgestel het aan die kleinkoning, eers 'n stuk geskiedenis vertel het: die kleinkoning moet naamlik weet hoe goed die grootkoning vir hom was in die verlede.

En is dit nie juis wat ons in die aanhef van die Wet kry nie? Want die HERE sê daarin nie alleen Wie Hy is nie, maar ook wat Hy vir Israel gedoen het: Ek het jou uit Egipteland, uit die slawehuis uitgelei.

Met hierdie woorde neem die HERE sy volk terug in hulle geskiedenis. En Hy toon aan hulle sy verlossingsdaad in die verlede, wat Hy vir hulle gedoen het tot hulle redding. Hy open vir hulle die boek van die geskiedenis en Hy laat sy kleinkoning sien hoe goed hy vir hulle was.

Hier is egter wel iets wat opval: nie die hele geskiedenis van God se heilsdade word genoem nie. Net een besondere gebeurtenis word uitgelig: die bevryding uit Egipte. Trouens dwarsdeur die Ou Testament word hierdie groot weldaad van die HERE telkens weer in herinnering geroep. Die Psalms sing daarvan en die profete kan nie ophou om dit telkens weer en weer by die kerk tuis te bring nie.

Weet u hoekom word die bevryding uit die slawehuis so in die besonder benadruk? Omdat dit die hoogtepunt in Israel se geskiedenis was. Maar kom ek neem u terug na daardie aand van die uittog, dan sal u dit des te beter verstaan waarom daardie gebeure so 'n klimaks vir die Ou Testamentiese kerk was. In daardie donker nag was daar in elke Israelitiese huis iets op tafel: 'n lam! En daardie lam was hulle redding! Want omdat die bloed van daardie lam aan hulle deurposte gesmeer was, het die verderfsengel by hulle huise verbygegaan. Hulle is het dus nie die oordeel vrygespring, omdat hulle soveel beter as die Egiptenaars was nie. Nee, dit was alleen deur en danksy die lam. En ons weet: daardie lam het gewys na Christus: Hy is immers die Lam van God wat die sondes van die wêreld wegdra.

Begryp u nou hoekom die redding uit Egipte hier in Exodus 20 so aan ons voorgehou word as 'n hoogtepunt, as iets heel, heel besonders? Ja, want dit was een groot genadegebeurtenis. Daardie geskiedenis roem nie die grootheid en goedheid van mense nie, maar die verkondig wat die HERE en wat Hy alleen, onverdiend, in sy oneindige genade, gedoen het om sy volk te verlos. Hulle was nie 'n haar beter as die Egiptenare nie. Hulle was net sulke groot sondaars soos die heidene. Want in Egipte het ook die Ou Testamentiese kerk afgode gedien. En tog, tog het God hulle verlos...deur sy Lam!

Wanneer u hierdie stukkie geskiedenis elke Sondag hoor, weet u wat moet dan in u gebeur? Dan moet voor u geestesoog verrys: die altaar van Golgota. En dan moet u met die blik van die geloof sien: die Lam van God wat om u ontwil en ter wille van u sondes geslag is om u uit die slawehuis van die sonde te verlos.

En bedink dan: daardie geskiedenis van die kruis, dit vertel nie van wat u gedoen het en wat die mens geprester het tot sy verlossing nie. O nee! O nee! Die evangelie is die geskiedenis van wat God vir ons en in ons plek gedoen het deur sy Seun. Hy en Hy alleen. Want net so min as wat die Ou Testamentiese kerk die verlossing uit Egipte verdien het, ewe min het ons dit verdien. En ewemin as wat hulle iets bygedra het tot hulle saligheid, ewemin het ons dit gedoen. Die blye boodskap van God se sending van sy Seun - dit is een groot lofsang en jubellied op die Here se genade wat so ontsaglik groot was.

Wie daarom dink dat die sogenaamde Wet of Tien Gebooie net wet op wet en gebod op gebod is, maak 'n yslike fout. Dit begin nie met die gebooie nie, maar met pure, louter evangelie. En deur die vooropstel van die verlossing uit Egipte, word die tien gebooie geplaas binne die raamwerk van die evangelie van God se verlossing in sy Seun.

Derdens leer ons God ken:

2.3. as Wetgewer.

Ook eise of gebooie was deel van verbonde in die Ou Ooste. Nadat die grootkoning aan die kleinkoning vertel het hoe goed hy in die geskiedenis (in die verlede) vir hom was, het hy gekom met 'n klomp moet's en moenie's. En dan verstaan 'n mens waarom hy eers so uitgebrei het oor al die goeie dinge wat hy al vir die kleinkoning gedoen het. Daarmee wou hy sê: ek was so goed vir jou. Nou moet jy ook iets vir my doen. Nou moet jy my bedank deur jou te hou aan die eise van die verbond.

Hier het ons dus nog 'n ooreenkoms tussen die Wet van die HERE en die buite-Bybelse verbonde: want ook die Tien Gebooi begin met die geskiedenis van die Grootkoning, die HERE, se genade jeens ons. En die bedoeling is eweneens: terwyl die HERE so ontsaglik goed was vir ons en sy Seun aan ons gegee het en ons verlos het...bewys Hom nou dankbaarheid deur sy gebooie te onderhou.

Maar daar is tog ook 'n verskil: terwyl die heidense kleinkonings uit eie krag die gebooie van die verbond moes nakom, is dit glad nie die geval met die verbond van die HERE nie. Ons kan nie self loskom van die sonde en uit eie vermoë die Wet nakom nie. Maar dit is

nou juis so wonderlik: eers is daar die verlossing uit die slawehuis van die sonde en eers daarna - nadat ons deur Christus bevry is - eers dan volg die tien eise van die HERE. Die HERE stel ons dus self in staat om die dankbaarheidswet na te kom. Sien u nou hoe die evangelie van verlossing en genade ook in ons dankbaarheid aan die werk is? Ja, ook die dankbaarheid, ook deel drie van die Kategismus, ook die Wet wat ons elke Sondag hoor, is pure, suiwer, louter genade. Dit is van begin tot einde genade. Ook hier is Christus die alfa en die omega, die a en die z, die begin en die einde.

In die ganse Wet skitter die HERE se goedheid. Hy het sy Wet nie aan ons gegee om die lewe vir ons moeilik te maak of sodat ek as jongmens nie meer die lewe kan geniet nie. Niks is verder van die waarheid verwyder as dit nie. Ons kan die Wet vergelyk met 'n reling langs 'n diep afgrond: daardie reling is nie daar om u lewe te vergal nie. Dit weet u. Dit is juis vir u veiligheid en vir u beswil opgerig. En so plaas die HERE die heining van sy evangeliese wet langs ons lewenspad. Daarmee het Hy die goeie vir ons op die oog.

In V/A 92 gee die Kategismus ten slotte 'n samevatting van die Wet van die HERE. Hy verdeel dit in twee tafels: die eerste vier gebooe gaan oor liefde tot God en die laaste ses het as kern die liefde tot ons naaste. Maar nooit is hierdie liefde net gevoel of emosie nie. Dit is ook daad. Want jou liefde tot God en jou medemens kom uit in die doen van die tien gebooe. In die Wet gaan dit immers nie net oor jou innerlike nie, maar ook oor dinge wat jy moet doen en dinge wat jy nie mag doen nie.

Ek glo nie 'n bruid sal tevrede wees net met 'n gevoel van liefde van die kant van haar bruidegom nie: nee, hy moet dit ook wys, met daad toon, dat hy lief is vir haar. Dieselfde geld van ons hemelse Bruidegom en sy Wet: ons moet dit wys dat ons lief is vir Hom. En ons liefde tot Hom kom ook uit in ons liefde vir ons naaste.

3. Slot.

Ons het weer die evangelie gehoor: die evangelie van die Wet, die evangelie van die dankbare liefde. Laat ons - met God se hulp - konstant vashou aan die evangelie van die kruis. Dan sal die evangelie van die dankbaarheidswerke ook in ons lewens gestalte vind.

AMEN.